

16

GETUIES VIR JESUS

Vertel van Jesus

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat God mense gebruik om ander van Jesus te vertel.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- Jesus se laaste opdrag was dat ons vir almal van Hom moet vertel.
- dat God hulle ook wil gebruik om van Jesus te vertel.

Gesindheid

Die kinders moet –

- bereid wees om te leef en te praat soos mense wat vir Jesus ken.
- nie bang of skaam wees om met ander oor Jesus te praat nie.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om –

- 'n klompie waarhede oor Jesus op te noem wat hulle aan ander kan vertel.
- self so te lewe dat ander uit hul voorbeeld kan sien dat hulle vir Jesus ken.
- vir iemand te gaan vertel van Jesus se liefde.

MEER INLIGTING (Matteus 5: 13-15; Matteus 28: 16-20; Handeling 8: 4-25)

Waar hoor ons van groot en belangrike dinge wat in die wêreld gebeur? Ons ouers, en partykeer ons ook, kyk nuus op TV, luister na die radio en lees koerant. Weet julle wat die beste nuus is wat nog ooit op aarde vertel is? Dit is die nuus dat daar 'n God is wat vir ons baie lief is. Waar lees ons van hierdie goeie nuus? Ons lees daarvan in die Bybel. Ons hoor daarvan in die kerk.

God het ons gemaak om Hom te dien en te aanbid. Mense het dit nie altyd gedoen nie. Hulle was ongehoorsaam aan God. Hulle het nie vir God en hul medemens liefgehad nie. Hulle het

gekies om sonde te doen. Deur sonde te doen, het hulle God teleurgestel. Maar God kon ook nie die sonde sommer net so toelaat en net so laat staan nie. Dan sou Hy ontrou aan Homself wees, want Hy het belowe dat Hy mense gaan straf wat sonde doen.

Omdat God ons liefhet, wil Hy nie dat ons verlore gaan nie. Daarom het God op 'n wonderlike manier voorsiening gemaak. Hy stuur sy Seun, Jesus, na die wêreld toe om in ons plek vir ons sondes gestraf te word. Jesus het skuld aanvaar vir al ons sondes. Die straf wat ons vir ons sondes moes kry, het Jesus gekry. Nadat Hy aan die kruis gesterf het, het God Hom weer uit die dood laat opstaan. Deur Jesus is die sonde en die dood oorwin. As ons in Jesus glo, en glo dat Hy vir ons sondes gesterf het, en glo dat God ons nou vergewe het, word ons kinders van God genoem.

Is dit nie die beste en wonderlikste nuus wat nog ooit op aarde gehoor is nie? Daarom kan ons nie anders nie as om dankbaar te wees en vir almal te vertel dat God ons verlos het. Ons wat glo in Jesus, moet vertel dat God vir ons lief is en met ons dae wys dat ons in Hom glo.

Voordat Jesus na die hemel opgevaar het, het Hy opdrag gegee dat ons vir alle mense die goeie nuus moet vertel dat Hy ons van ons sonde verlos het. Ons lees dit in Matteus 28: 19-20: *Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.*

AANBIEDING

Jy het nodig

'n Muurkaart met Matteus 28: 19-20 daarop:

Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.

KOM ONS BEGIN

Open met Gesang 207: 4 as gebed.

*Maak ons, o Heer, u getroue getuies
dat ons met vreugde dit oral vertel:
Christus, oorwinnaar oor dood en oor chaos,
Hy ken ons nood, Hy kom red en herstel.
Ere aan God! Die Heer van alle here
woon ook in ons deur sy Woord en sy Gees.
Gee ons die liefde, geloof en vertrouwe
om u gehoorsame kinders te wees. Amen.*

HET HULLE ONTHOU?

- Laat 'n paar kinders uit Les 14 vertel aan wie hulle SMS'e gestuur het om hulle te bemoedig.
- Vind uit wie 'n kaartjie gemaak het en vir iemand gaan gee het.
- Laat 'n paar kinders by Les 14 lees wat hulle onderaan die prente in hul boeke geskryf het.

- Kontroleer of hulle die volgende vrae kan beantwoord:
 - Wat het 'n verlamde man se vriende gedoen toe hulle hom nie naby Jesus kon bring nie? (*Hulle het 'n gat in die dak gemaak en hom daardeur laat afsak.*)
 - Wat het Jesus vir die verlamde man gedoen? (*Jesus het gesê die man se sonde is vergewe, en toe het die man gesond geword.*)
 - Na wie toe kan jy altyd met al jou probleme gaan? (*Na Jesus toe.*)

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Veronderstel jy kry die beste nuus wat jy al ooit gehoor het: Gaan jy stilbly daarvoor, of gaan jy dit vir almal wil vertel? Veronderstel jy was stout en kan nie meer saam met jou maatjie see toe gaan met vakansie nie. Hoe sal jy daarvoor voel? Maar dan hoor jy die nuus dat jy vergewe is en nou saam kan gaan. Hoe sal jy dan voel? Ja, jy sal dankbaar wees en dit vir almal vertel.

IETS INTERESSANT

Gebruik MEER INLIGTING hierbo en vertel wat ons moet maak met die beste nuus wat ons nog ooit gehoor het.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende feite weer in:

- God het mense gemaak om Hom te dien en te prys.
- Ons was ongehoorsaam aan Hom en moes daarvoor gestraf word.
- God se liefde vir ons is so groot dat Hy 'n ander plan maak as om ons te straf.
- God het vir Jesus gestuur om in ons plek te sterf.
- Jesus dra al ons sondes namens ons.
- Jesus het nie net gesterf nie, maar ook uit die dood uit opgestaan.
- Jesus het ons die opdrag gegee om dit vir alle mense te gaan vertel.
- Uit dankbaarheid moet ons vir ander mense vertel dat Jesus hulle ook verlos het.

IETS OM TE DOEN

- Laat die kinders een hand met vingers in hul boekie afteken.
- Verduidelik aan die hand van die vyf vingers die volgende vyf waarhede:
 - Die ringvinger. God is Liefde. Johannes 3: 16

God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.

- Die wysvinger. Wie is skuldig? Romeine 3: 10-11

Daar staan immers geskrywe: "Daar is nie een wat regverdig is nie, selfs nie een nie, daar is nie een wat verstandig is nie; daar is nie een wat na die wil van God vra nie."

- Die middelvinger. Wie kom staan in die middel? Johannes 14: 6

Jesus het vir hom gesê: “Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie.”

- Die duim. Ek kies om te glo. Handeling 16: 29-31

Toe het die bewaarder ’n lig gevra, die sel ingestorm en bewend voor Paulus en Silas neergeval. Hy het hulle buitekant toe gevat en gevra: “Menere, wat moet ek doen om gered te word?” Hulle antwoord hom: “Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word, jy en jou huisgesin.”

- Die pinkie. Ek is dankbaar.

Ek is nooit te jonk om vir ander van Jesus te vertel nie.

- Laat die kinders by elke vinger wat hulle afgeteken het, die volgende skryf. (Die vingers moet genommer wees met die oog op wat hulle vir hul ouers gaan vertel.)
 - By ringvinger = God is liefde (1)
 - By wysvinger = Ons is skuldig (2)
 - By middelvinger = Jesus is Verlosser (3)
 - By duim = Ek glo (4)
 - By pinkie = Ek vertel (5)

BY DIE HUIS

Doen

Laat die kinders die waarhede oor ons verlossing puntsgewys aan hul ouers gaan vertel.

Leer

Laat hulle die volgende gaan leer:

- Omdat ons sonde so baie is, moet ons met die dood gestraf word.
- God se liefde vir ons is so groot dat Hy ’n ander plan maak as om ons te straf.
- God het vir Jesus gestuur om in ons plek te sterf.
- Hoewel Jesus gesterf het, het Hy ook uit die dood uit opgestaan.
- Uit dankbaarheid moet ons vir ander mense vertel dat Jesus hulle ook verlos het.
- *God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.* (Johannes 3: 16)

Belangrik:

Herinner die kinders daaraan dat elkeen vir volgende Sondag se les ’n foto van hul doop moet saambring, of ’n prent van iemand anders se doop. Hulle moet ook hul lidmaatboekies wat hulle ontvang het toe hulle gedoop is, saambring klas toe.

AFSLUITING

Sluit af met gebed.